

PLAASLIKE HANDWERKERS



Hallo liewe graad 7's!

Ek hoop dat grendeltyd elkeen van julle goed behandel en dat julle lekker kreatief is in hierdie tyd!

In kwartaal 2 gesels ons oor plaaslike handwerkers.

'n Handwerker is iemand wat 'n produk met hulle hande maak en dit verkoop. Die oom wat by die verkeerslig sit en mandjies uit draad vleg, die tannie wat klere brei en die dogtertjie wat kralewerk doen is almal voorbeelde hiervan.

Ons gaan na drie bekende Suid-Afrikaanse handwerkers kyk wat wêreldwyd bekend is vir die produkte wat hulle maak.

Wanneer ons mekaar weer sien gaan ons in diepte oor hulle gesels, ons gaan ook 'n opdrag oor hulle doen in die klas.

Vir nou wil ek hê dat julle die inligting in die volgende skyfies lees en na hulle produkte kyk sodat jy goed ingelig is vir die les wat ons in die klas gaan doen.

Van watter een se werk hou jy die meeste?

HEATH NASH

Dit het begin toe ek nog 'n seuntjie was. Ek het dinge gemaak uit karton en papier. Ek het origami gedoen en ou boeke gebruik om drie-dimensionele items te maak. Op hoërskool het ek kuns geneem en dit het my kennis van verf en drukwerk verbreed. Ek het met papier mache, draadwerk, verskillende soorte verf, ink en drukprosesse geëksperimenteer. Op kunsskool, aan die Universiteit van Kaapstad, het ek met klomp nuwe materiale te doen gekry: olieverf, hoe om vorms te maak, koperwerk, sweiswerk, ens. Hierdie verskeidenheid van materiale en die feit dat ek gedwing was om aan verskeie moontlikhede te dink, het my gehelp om my huidige werk te doen. In my kinderdae het ek baie met papier, karton en gom gespeel. Karton is die mees praktiese materiaal om mee te speel – al wat jy nodig het is 'n skerp mes en 'n staal liniaal. Hiermee kan jy rondspeel en omtrent enige iets maak deur ander mediums ook te gebruik. Toe ek begin eksperimenteer met verskillende soorte plastiek om ligte te maak, het dit 'n lampskerm geword en dit is die produk wat ek vandag maak en verkoop. 'n Vriend het 'n winkel oopgemaak vir kunstenaars genaamd Bread and Butter, en ek het baie produkte gehad om te verkoop. Ek het 'n wye reeks gevoude lampskerms gehad. Ek het toe nog alleen gewerk, dus was hierdie proses perfek – ek kon 'n klomp goed op 'n slag sny en aanmekaar sit om te verkoop. My eerste reeks se naam was “One man’s trash is another man’s treasure.” Aangesien ek net afvalmateriaal gebruik het ek gedink hierdie naam is baie gepas. In Afrika is hergebruik van materiale baie algemeen en baie nodig. In 2004 het ek begin om ou plastiekbottels te gebruik. Ek het 'n waardering ontwikkel vir hierdie materiaal, want dit het soveel moontlikhede – die handelsmerk, die datumstempel op melkbotterls, verskillende kleure, teksture en diktes. Afvalmateriaal is iets wat ander dalk weggooi, maar dit is my brood en botter.



WILLIE BESTER

Willie Bester is in 1956 in Montagu, Wes-Kaap gebore. Hy was maar net tien jaar oud toe hy vir sy ma prente moes verf op 'n muur in hulle huis. Hy onthou ook dat hy selfgemaakte items soos onder andere draadkarre aan sy maats as geskenke gegee het. Alhoewel baie plakkerskampkinders draadkarre gemaak het, het hy gou 'n reputasie gekry dat sy draadkarre waarin hy ook skrootyster gebruik het, uitsonderlik was. Sonder dat hy dit besef het, was hierdie skep van iets uit rommel, die begin van die kuns wat hy later sou maak. Willie Bester is vandag 'n baie bekende Suid-Afrikaanse kunstenaar wat kunswerke skep met gemengde media en veral rommel. Hy woon tans in Kuilsrivier in 'n huis wat sy talent vir kuns baie duidelik uitbeeld. Wanneer jy sy huis binne gaan sal jy oral kleur, trappe en kunswerke sien. Bo jou kop hang 'n motor wat lyk asof dit uit 'n Harry Potter-fliëk weggevlieg het. Oral sien jy trappe; dit gee die gevoel dat jy in 'n fantasiewêreld is. Selfgemaakte kuns en versamelstukke staan verdeel oor drie verdiepings. Aanvanklik moes die buurt eers gewoond raak aan dié kleurrike huis. In die hoek van die leefkamer staan 'n ou Shell-petrolpomp. Bester vertel hy is lief vir tweedehandse en herwinbare voorwerpe. Hy krap dikwels op rommelwerwe rond op soek na materiaal, asook by vlooiemarkte. "Dié materiaal het baie karakter en het daarom vir my meer betekenis," sê hy. Jy kan amper enige afvalmateriaal in sy kunswerke vind, soos skoene, bene, blikkies, koerantpapier, metaal, hy meng dit met olie verf en foto's. Politieke bewustheid is die basis van die meeste van Bester se kunswerke. As seun van 'n Xhosa-vader en 'n bruin moeder is hy swaar deur apartheid beïnvloed en hierdie herinneringe word uitgebeeld in sy kuns.

Herken jy sy huis wat in Kuilsrivier is?





CARROL BOYES

Carrol Boyes is 'n innoverende Suid-Afrikaanse kunstenaar en produkontwerper en die eienaar van haar eie besigheid. Sedert 1989 lewer sy breekgoed en huisgoed van hoë kwaliteit. Carrol Boyes is stigter en bestuurder van The Carrol Boyes (Pty) Ltd kleinhandelaar in Kaapstad. She is 'n ikoniese Suid-Afrikaanse ontwerper van huis- en leefstyl items. Haar produkte is regoor SA beskikbaar en in meer as 30 ander oorsese lande. Haar ontwerpe is uniek, en dit hou SA op die voorgrond van ontwerpe. Nuwe kliënte van oor die wêreld word aangetrek deur haar stylvolle en spesiale ontwerpe wat geïnspireer is deur Afrika maskers en die vroulike liggaam. Die Carrol Boyes handelsmerk word hier en internasionaal, as 'n ikoon beskou. Carrol Boyes het kuns studeer aan die Universiteit van Pretoria. Sy was eers 'n Engelse onderwyseres tot op 35, toe sy besluit het om haar droom uit te leef om 'n kunstenaar te word. Sy het van haar huis af begin in Kaapstad vanaf 1989. Haar doel was om beelde en funksionaliteit te kombineer. Die eindproduk was 'n reeks uitsonderlike huisware en breekware. Sy het 'n spesiale talent om eenvoudige gereedskap in beeldhouwerke te omskep. Carrol Boyes (Pty) Ltd is 'n multi-kulturele organisasie. Die maatskappy streef daarna om individue en gemeenskappe op te hef. Hulle belê in werknemers en ondersteun die gemeenskap op grondvlak. Materiale wat gebruik word is tin, vlekvrige staal, chroom, aluminium, hout en leer. Albei silwer en tin het 'n gladde silwer afwerking, maar tin is sagter en het 'n bietjie koper in. Silwer is 'n natuurlike metaal wat nie yster bevat nie. Carrol Boyes is in 2019 oorlede, maar haar besighede gaan voort om pragtige produkte te vervaardig.



CaRRoL BoYeS

